



DIE KOEPEL STEREO GELOFTE 2022 VERSOENINGSDAG PROJEK

KOEPEL STEREO ONDERSTEUN VERSOENINGSDAG VRYDAG 16 DESEMBER 2022

Versoeningsdag is 'n prominente gebeurtenis in die geskiedenis van ons land en Koepel Stereo (KSFM) is bevoorreg, as 'n plaaslike radiostasie, om 'n integrale deel te vorm van rekonsiliasie in Suid Afrika. Die doel van Versoeningsdag is om versoening en nasionale eenheid van die kulturele, taalkundige en rasverdeelde Suid-Afrika te bevorder.

Koepel Stereo (KSFM) se intensionele betrokkenheid by Versoeningsdag en die bevordering van rekonsiliasie in ons land is beduidend uit die uitsaai lisensie wat ons ontvang het van ICASA (die Independent Communications Authority of South Africa). Die lisensie bepaal dat ons gemagtig is om ons passie vir die gemeenskap uit te leef en sodoende vanaf 8 Desember tot 21 Desember weer op 94.9 MHz FM gaan uitsaai. Die stroom skakel is beskikbaar op www.ksfm.co.za.

Gedurende hierdie tydperk, sal u kan luister na 'n reeks geskiedenis programme wat sal handel oor die aanloop en '*Slag van Bloedrivier*', die '*Anglo-Boereoorlog*', en die '*Vredefort Konsentrasiekamp*'. In die konteks van die geskiedenis, gaan ons insiggewende en innoverende gesprekke voer oor versoening... Wat is versoening en hoe versoen ons in die 21ste eeu?

In hierdie lig gesien, gaan die bydraes van die gemeenskap van die Vredefort Koepel area op 'n gereelde basis uitgesaai word en inwoners van die Koepel area word hartlik uitgenooi om per WhatsApp stemboodskap-bydraes te lewer.



Verder, beplan die Greenlands Feeskomitee 'n twee-dag program van 15 - 16 Desember 2022 met die titel 'Greenlands Geloftefees'.

Met die ondersteuning van BELREX Innovations in Vanderbijlpark, beplan Koepel Stereo (KSFM) om die inhoud van die twee dae se vieringe direk op 94.9 MHz FM en op www.ksfm.co.za uit te saai.

Ons sien baie daarna uit om die feesrede van die geleentheid, deur Kobus Venter van Helpendehand Vrystaat, met Suid-Afrikaners wêreldwyd te deel.

Met hierdie **GELOFTE 2022 VERSOENINGSDAG PROJEK** beoog Koepel Stereo (KSFM) om 'n konstruktiewe bydrae te maak tot die samelewing, en spesifiek die Koepel gemeenskap ter bevordering van innovering en impak van versoening vanuit ons land se geskiedenis. Die bewusmaking en leersaamheid van die historiese gebeutenisse verwant aan Versoeningsdag, asook die wonderlike geleentheid om kultuur, ras en taal te versoen, is wat Koepel Stereo (KSFM) en die projek na streef.

Ons sien uit met groot afwagting na die **KOEPSEL STEREO GELOFTE 2022 VERSOENINGSDAG PROJEK** en om jou as luisteraar hartlik te verwelkom!

Vir enige bydraes, navrae, of meer inligting, kontak die ateljee per WhatsApp by +2771 974 4406 of kontak die Projek Koördineerder, Dr Mariette Fourie, by Mariette.Fourie@nwu.ac.za.

Onder bestuur van:

One Future Development 49 NPC, Registrasie nommer: 2011/009474/08

Vir finansiële bydraes/ondersteuning:

Koepel Stereo, FNB PARYS, Rekno 62839007996